



**AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I  
(LEESVRAESTEL)**

Tyd: 3 uur

Punte: 100

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 'n addendum van 6 bladsye genummer i tot vi. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
  2. In hierdie vraestel is daar twee afdelings: (A) Begrip- en Taalvaardigheid en (B) Poësie.
  3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A.
  4. In Afdeling B is daar keusevrae. Beantwoord TWEE vrae uit vrae 6 tot 8 (voorbereide gedigte) en EEN vraag uit vrae 9 en 10.
  5. Jou antwoorde moet presies soos die vrae genummer wees.
  6. Begin elke vraag **op 'n skoon bladsy**. Rofwerk moet duidelik aangedui word.
  7. Laat asseblief 'n reël oop tussen antwoorde.
  8. Lees asseblief die instruksies by ELKE vraag noukeurig en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let op die puntetoekenning by elkeen van die vrae.
  9. Dit is in jou eie belang om netjies en duidelik leesbaar te skryf.
-

**AFDELING A****VRAAG 1                    BEGRIP – EN TAALVAARDIGHEID**

**Lees die artikel 'Braai-koninginne' (Teks 1 in die Addendum) aandagtig deur en beantwoord dan die vrae hieronder.**

- 1.1 Op watter manier word die leser reeds in die eerste paragraaf onmiddellik by die teks betrek? (1)
- 1.2 Wie, dink jy, is die teikenlesers (of aangesprokenes) van hierdie artikel? Motiveer jou antwoord deur kortliks uit die teks aan te haal. (2)
- 1.3 Die skrywer praat van sy 'eie objektiewe waarnemings by verskeie geleenthede ...' (par. 1) en 'n goed-nagevorste mening' (par. 2). Lees ook die inligting oor die skrywer onderaan die artikel. Hoe wetenskaplik dink jy is die skrywer se navorsing? Verduidelik jou antwoord kortliks. (2)
- 1.4 In die HAT vind ons die volgende inskrywing vir 'halsstarrig' (par. 2):
- hals·star'rig**, b.nw en bw. Onbuigsaam, hardnekkig, koppig; onversetlik, eiesinnig: 'n *Halsstarrige houding, verset. Hy het halsstarrig geweier om reg te doen.*
- Herskryf die woord en onderstreep die lettergreep wat beklemtoon word wanneer jy die woord uitspreek. Verduidelik jou antwoord deur na die woordeboekinskrywing te verwys. (2)
- 1.5 Die direkte rede word drie keer gebruik in paragraaf 3. Wat, dink jy, is die funksie hiervan binne die konteks van hierdie paragraaf? In jou antwoord moet jy na **die inhoud** en **die styl** verwys. (2)
- 1.6 Verduidelik die ironie in die laaste twee sinne van paragraaf 4. (1)
- 1.7 Volgens die HAT beteken die woord 'klinies' (par. 5): 'Wat 'n siekbed betref'.
- Hierdie interpretasie van die woord werk nie binne die konteks van die artikel nie. Verduidelik, in jou eie woorde, wat die woord 'klinies' (par. 5) hier sou beteken. (1)
- 1.8 Gee die betekenis van die onderstreepte gedeeltes (prefikse) in die volgende woorde:
- 1.8.1 **herhaling** (par. 5)
- 1.8.2 **mikrogolfoond** (par. 5) (2)
- 1.9 Bo en behalwe hulle onhygiëniese braaigewoontes word mans **wat besig is om te braai** in beide paragrawe 6 en 14 ook op 'n ander manier gestereotipeer.
- Verduidelik hierdie stelling deur spesifiek te verwys na die inhoud van die stereotiperings. (2)

1.10 Skryf die volgende sin (uit paragraaf 8) oor in die bedrywende vorm:

*Die braaiplek word aan dieselfde standarde as haar kombuis gemeet.* (1)

1.11 Lees weer die volgende woorde: 'braaitange, -vurke en -bedruipsouse' (par. 10).

1.11.1 Wat noem ons die **skryf**teken wat hier gebruik word? (1)

1.11.2 Wat is die funksie van hierdie skryfteken? (1)

1.12 In paragraaf 12 is daar 'n voorbeeld van **toutologie** (die onnodige herhaling van woorde).

1.12.1 Haal hierdie frase aan. (1)

1.12.2 Toutologie word dikwels beskou as swak styl. Dink jy dit is ook waar in hierdie geval? Verduidelik jou antwoord deur na die **inhoud** en **styl** van die artikel te verwys. (2)

1.13 Vir jonger lesers mag die woorde 'die tongtippies' (par. 13) dalk vreemd wees. Lees nou weer paragraaf 13.

1.13.1 Na wie verwys hierdie term binne die konteks van dié artikel? (1)

1.13.2 Verduidelik kortliks, in jou eie woorde, wat hierdie term heel moontlik beteken. (1)

1.14 In par. 14 lees ons die volgende beskrywing, nl. dat 'mans te besig was om puisies uit te druk' tydens hulle jeug.

Lees weer die volledige paragraaf. Sê eerstens wat **die toon** van hierdie beskrywing is **en verduidelik** dan wat die skrywer eintlik d.m.v. hierdie beskrywing sê oor seuns of jong mans binne die konteks van die artikel. (2)

1.15 Waarom, dink jy, gebruik die skrywer deurgaans sulke formele taal oor 'n redelike informele onderwerp? Verwys na **die inhoud** en **die gepastheid van die styl** van die artikel in jou antwoord. (2)

1.16 Lees weer paragraaf 16. Wat, dink jy, is die eintlike motivering agter die skrywer se argument dat vroue beter braaiers is as mans? Verduidelik ook kortliks hoe die skrywer sy doel bereik. Betrek die hele leesstuk by jou antwoord. (3)

**30 punte**

**VRAAG 2 SPOTPRENT**

**Verwys na die spotprent (op bl. 3 van die Addendum) en beantwoord die vrae hieronder.**

- 2.1 Hoe word die tradisionele rolle van mans en vroue hier omgeruil? (1)
- 2.2 Wat is die 'onsin' waarna die vrou in hierdie spotprent verwys? (1)
- 2.3 Watter twee aanduidings is daar in die man se lyftaal dat hy vies of ontsteld is? (2)
- 2.4 Wat beteken dit vandag om 'bemagtig' te wees? (1)
- 2.5 Verduidelik die ironie in die vrou se woorde. (2)
- 2.6 Hoe voel jy oor die saak wat in hierdie spotprent aangeroei word? Verduidelik jou antwoord deur na **twee** spesifieke voorbeelde in jou eie lewe en die breër samelewing te verwys. (3)

<b>10 punte</b>
-----------------

**VRAAG 3 OPSOMMING**

**Lees die artikel 'Oorleef universiteits- of technikon-nagmerrie met vlieënde vaandels' (Teks 3 in die Addendum) noukeurig deur en voer dan die volgende opdrag uit.**

**OPDRAG:** Jy is 'n joernalis by julle studentekoerant. Die redakteur vra jou om die artikel deur Leonie Prinsloo te verkort na 'n lys van 8 wenke vir eerstejaars wat in julle eerste uitgawe van die jaar gaan verskyn. Jy het die skrywer se toestemming om haar artikel te gebruik, maar jy moet haar as bron erken.

Gee jou opsomming 'n nuwe, oorspronklike opskrif wat studente se aandag sal trek. Hou jou teikenleser in gedagte en gebruik loslit Afrikaans. Dit beteken egter nie slordige taalgebruik nie! Die toon van jou artikel moet raadgevend, maar steeds inspirerend wees.

**Belangrik:**

- Skryf die wenke in volsinne, maar gebruik sover moontlik jou eie woorde binne die nuwe styl wat van jou verwag word.
- Nommer elke wenk en laat reëls oop tussen wenke.
- Gebruik tussen 80 en 100 woorde. Dui die aantal woorde onderaan jou lys wenke aan. Die titel word nie by jou woordtal getel nie.
- Hou by 'n meer informele styl, maar vermy sleng. Goeie taalgebruik en spelling is steeds baie belangrik.

**LET WEL:**

- As enige van die bogenoemde aanwysings nie gevolg is nie, sal dit jou punte negatief beïnvloed.
- Jou opsomming sal met 'n metingskaal beoordeel word.

<b>10 punte</b>
-----------------

**VRAAG 4**                      **FUNKSIONELE TAALVAARDIGHEDE**

**Lees die teks 'SO RED ONS DIE SEE' (Teks 4 in die Addendum) en voer dan die volgende opdragte uit.**

- 4.1 Lees weer die hoofopskrif en die teks langsaan.
- 4.1.1 Let op die vetgedrukte letters (onder mekaar) in die hoofopskrif. Wanneer word hierdie afkorting gewoonlik gebruik? (1)
- 4.1.2 Van watter klankbeeld (wat ons ook dikwels in poësie aantref) maak die artikel gebruik in die teks wat langs die hoofopskrif verskyn? Haal aan om jou antwoord te ondersteun. (1)
- 4.2 Gee 'n sinoniem ('n woord met min of meer dieselfde betekenis) as die onderstreepte woord in paragraaf 1. (1)
- 4.3 Die meervoud van die woord *hoera* is *hoera's*. Verduidelik nou waarom die meervoud van *marina* dan *marinas* is (par. 2). (1)
- 4.4 In paragraaf 2 word die intensiewe vorm 'skitterskoon' gebruik. Gee nog 'n intensiewe vorm van die woord 'skoon' wat 'n **ander betekenis** aan die woord gee en gebruik hierdie woord in 'n volsin om die betekenis duidelik te maak. (2)
- 4.5 Waarom, dink jy, is die woord 'geplant' in aanhalingstekens geplaas in paragraaf 3? (1)
- 4.6 Ons lees die volgende in paragraaf 4: 'En 'n strand se vlag kan baie vinnig gestryk word as hy nie op sy (groen-blou) tone bly nie.'
- Die woorde wat in hakies bygevoeg is in die aanhaling het spesifiek met die onderwerp van die artikel te make. Die 'blou' verwys heel moontlik na die 'blouvlag-status' wat die strand het.
- Watter figuurlike konnotasie sou die woord 'groen' dan hier hê? Verduidelik jou antwoord kortliks. (2)
- 4.7 In paragraaf 7 is daar 'n leestekenfout. Skryf die sinsdeel oor met die korrekte leesteken en onderstreep jou verbetering. (1)

<b>10 punte</b>
-----------------

**VRAAG 5                    ADVERTENSIE**

**Beskou die 'Romany Creams' advertensie' (Teks 5 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.**

- 5.1     In die advertensie word die koekies as 'n familie voorgestel. Op watter manier sluit die kopie en die visuele teks hierby aan? (2)
- 5.2     Die advertensie gee die indruk dat hierdie koekies tot die adelstand of 'n koninklike familie behoort. Gee TWEE redes hiervoor (verwys na die handelsnaam, kopie sowel as die visuele aspekte van die advertensie). (2)
- 5.3     Gee twee moontlike redes waarom die woord 'bederfies' (in die kopie onderaan) in die verkleiningsvorm gebruik is. Verwys na die letterlike en figuurlike gebruik van die woord. (2)
- 5.4     Waarom, dink jy, het die kopieskrywer besluit om die Engelse woorde in die kopie van hierdie advertensie te behou? (2)
- 5.5     Watter woorde in die teks verduidelik vir ons waarom sommige van die portrette in die prent skeef staan? (Haal aan.) (1)
- 5.6     Skryf die volgende sin uit die advertensie oor, maar vervang die voegwoord 'maar' met 'nietemin'.  
*Elkeen is 'n bietjie anders, maar hulle is en bly vir altyd Romanys.* (1)

<b>10 punte</b>
-----------------

**Totaal vir Afdeling A: 70 punte**

**AFDELING B POËSIE**

Doen enige TWEE voorbereide gedigte (uit vrae 6, 7 of 8). Doen EEN onvoorbereide gedig (uit vraag 9 of 10).

**VRAAG 6****Karoo-dorp: someraand – N.P. van Wyk Louw**

Die laat-middag het room geword 1  
 en treine wat ver fluit  
 en 'n wit-bont klaas-skáwagter  
 wat wag-hou op 'n kluit

en rook uit die lokasie rook 5  
 en by die dorpsdam sing  
 en mense in tennisbroekies loop  
 die koper skemer in

dóer op die nasionale pad 9  
 loop motortjies onhoorbaar, hoog;  
 Oum-Appie-Slagkraal se ou fiets  
 kom staan, vanself, moeg, voor die oog:

Tant'-Tolie-met-die-kanker kom 13  
 sit op die bordienhuis se stoep:  
 vanaand gaan hoor ons nog hoe sy  
 die Here en die uile roep.

[Uit: *Tristia* 1962]

- 6.1 Die woord 'room' in die eerste versreël verwys heel moontlik na die kleur van die lug in die laatmiddag. Waarvoor sou die 'room' ook 'n metafoor kan wees? (1)
- 6.2 Die eerste twee strofes word gekenmerk deur onvoltooide sinne. Wat, dink jy, probeer die spreker hiermee vasvang? (2)
- 6.3 Verduidelik die funksie van die kommas in versreël 12 deur te verwys na beide die inhoud en die klank/ ritme wat daardeur geskep word. (2)
- 6.4 Waarom is dit ironies dat 'Tant'-Tolie-met-die-kanker' (reël 13) beide 'die Here en die uile roep' in die laaste versreël? (2)
- 6.5 'n 'Bordienhuis' (reël 14) is maar net 'n tydelike woonplek of huis. By watter belangrike tema in die gedig sluit hierdie beeld dus aan? (1)
- 6.6 In Gert Vlok Nel se gedig 'die dag toe hulle vir Donkie Viviers' vind ons die volgende woorde in die twee laaste versreëls:

*& die laatmiddag het chroom geword  
 & trein wat ysig fluit.*

Hierdie woorde het duidelike raakpunte met 'Karoo-dorp: someraand' (versreëls 1 en 2). Waarom, dink jy, het Gert Vlok Nel juis die gedig van N.P. van Wyk Louw hier as interteks gebruik? Verduidelik ook kortliks hoe die woorde wat verander is die oorspronklike betekenis beïnvloed. (2)

<b>10 punte</b>
-----------------

**EN/ OF****VRAAG 7****Terafim – Eveleen Castelyn**

voorstedelike huise onbewoon bedags broodwinners in die sweet van hulle professies	1
in toue stres geknoop en die kinders bemaak aan surrogate wat babatjies bewaar soos hondjies in kennels	5
die goddelike dag lank tjank by die hek – ag, shame!	10
skottelgoed dreun in die oopplanne mikrogolwe so hoog as die oog kan sien, tuimel die wasgoed, sing die piecejob haar pantoffels kniediep in die wall-to-wall	15
Pa en Ma werk hulle nog dood vir die gesinskamer waarin die huisgode staan: hoërou kompakte skywe huisrekenaars video's verwerkers van woorde dekodeerders van beelde kultuur van moribukharas dhurries en kosmosse groei wild op die muur	20
jaarlikse uittog die dag as die skool sluit nie 'n minuut later nie, na baaie van buffels en stilte, trotseer alles tot haaie en bankbestuurders en goue kaarte limiet om te vlug uit die slawehuis	25
vermoeide gesigte haal die mombakkies af van die terafim begin ontspan en sug: dankie tog! die multiplexpolis bedek alles	30
	35
	40
	45

[Uit: *Minder as die engele* 1990]



- 7.1 Waarom, dink jy, is die 'voorstedelike huise' in strofe 1 'onbewoon bedags' (reël 2)? (1)
- 7.2 Volgens die HAT beteken die woord 'goddelike' (reël 10) onder meer 'uitermate mooi, goed, aangenaam'.  
Dink jy dit is 'n gepaste beskrywing van hoe die woord hier gebruik word? Verduidelik jou antwoord binne die konteks van die gedig. (2)
- 7.3 In strofe 2 is daar 'n voorbeeld van 'n sinekdogee (m.a.w 'n stylfiguur waarby 'n geheel deur 'n deel aangedui word). Haal hierdie versreël aan en verduidelik jou antwoord kortliks. (1)
- 7.4 Verduidelik die ironie in die ouers se verhouding met hulle besittings deur spesifiek na strofe 3 te verwys. (2)
- 7.5 Die woord 'terafim' (titel) is die Hebreeuse woord vir 'huisgode'. Verwys na **twee situasies** in die gedig wat verwys na die titel se gebruik van 'n Hebreeuse woord. (2)
- 7.6 Lees die volgende uittreksel uit die bekende liedjie van Abba:

I work all night, I work all day, to pay the bills I have to pay  
Ain't it sad  
And still there never seems to be a single penny left for me  
That's too bad  
In my dreams I have a plan  
If I got me a wealthy man  
I wouldn't have to work at all, I'd fool around and have a ball ...

[Uit: *Money, money, money* deur Abba]

Noem **een ooreenkoms** en **een verskil** tussen die inhoud van die uittreksel hierbo en die strekking van die gedig 'Terafim'. (2)

<b>10 punte</b>
-----------------

**EN/ OF**


**VRAAG 8****elegie vir 'n skoolloopbaan – Ansa van der Walt**

dan lyk grootword só:	1
tot hier gebring met brood	
en (vergeef die cliché)	
daaglikse nektar van gode	
behoort my kaalvoete nou streng gesproke	5
alleen oor die aarde te kan loop	
vrywillige dissipel van kleindogtertjiedrome	
maar ek weet	
drome soos skooljare loop vinnig dood	
of wreed en oninhaalbaar skeef	10
teen nou se vurige voornemens	
sal ons mekaar vergeet	
kyk my opvolgers wag reeds gretig en gereed	
om jou lyf beter as ek te bewoon	
en t.s.v. die seremoniële trane	15
skud ek oombliklik graag	
my voete skoon van jou stof	
o, ons sal terugverlang	
aanvanklik nog kan agterbly	
as naamgraffiti op 'n voosgekerfde bank	20
of iets wat ons bereik het	
sal vir eers nog in die leë leë gange	
van 'n vreemde môre kan bly hang	
en jý?	
jý	25
wil ek met die hoogmoed	
van 'n jong profeet beweer	
sal in toevalligheid vermom	
my iewers langs die baie môres teëkom	
waar ek dalk suksesvol en geleerd	30
jou met koue trots sal laat weet	
ek het eindelijk deur die sondige grens	
van verbeelding gebreek	
my kleintydse mentor speel-speel	
summier in die pad van ontgroei gesteek	35
en dit sal seer wees liewe skool	
so seer soos die skoolbaadjie	
wat ek vandag	
soos 'n lewende se vel	
van my lyf afslag	40

[Uit: *Klein krete* 1986]

- 8.1 'n Elegie is 'n lykdig wat gewoonlik geskryf word ná die dood van 'n geliefde. Verduidelik kortliks hoe die titel dus aansluit by die inhoud van hierdie gedig. (1)
- 8.2 Die woorde: 'daaglikse nektar van gode' (reël 4) verwys heel moontlik na die dinge wat hulle by hulle onderwysers geleer het. Voel die spreker positief of negatief teenoor dit wat hy/ sy geleer het op skool? (Wenk: verduidelik jou antwoord met verwysing na versreëls 3 tot 6.) (2)

- 8.3 Wat, dink jy, word gesuggereer met die woorde 'seremoniële trane' in versreël 15? (2)
- 8.4 Hierdie gedig is 'n voorbeeld van vrye vers. Op watter manier sluit die vorm van die gedig aan by die inhoud? (1)
- 8.5 Hoe interpreteer jy die laaste vier versreëls in vergelyking met die inhoud van die res van die gedig? (2)
- 8.6 Beskou die volgende prent wat na aanleiding van Pink Floyd se bekende film 'The Wall' geteken is:



[Bron: <[www.johncoxart.com/2007](http://www.johncoxart.com/2007)>]

Dink jy hierdie prent sou 'n paslike tekening by die gedig 'elegie vir 'n skoolloopbaan' wees? Verduidelik jou antwoord deur na beide die gedig en die prent hierbo te verwys. (2)

**10 punte**

**EN**

**ONVOORBEREIDE GEDIGTE Beantwoord óf Vraag 9 óf Vraag 10.****VRAAG 9****e-sonnet – Susan Smith**

met skuifspeld ponser en kram kon ek tevore – soos dit hoort – op papier netjies elke woord orden volgens plan	1
nou wag iewers in die ruimte my posbus gedot & gekom slaggereed op besoekers van buite	5
langsamerhand vind ek egter die e-verhouding al hegter dat ek met elke klik en dubbelklik my lewe al meer na die eenoog-despoot se buie skik	10

[Uit: *PoesieNet*, Nommer 7, Sept. 1999]**Woordverklarings:**

<b>skuifspeld</b>	–	stukkies gevoude draad wat gebruik word om papiere bymekaar te hou
<b>al hegter</b>	–	al nader aan mekaar
<b>buie</b>	–	veranderlike emosies of grille
<b>skik</b>	–	organiseer of orden

9.1 Die volgende twee vrae verwys na die titel:

9.1.1 Waarvoor, dink jy, staan die eerste 'e' in die titel 'e-sonnet'? (1)

9.1.2 Op watter twee maniere is hierdie gedig anders as die tradisionele Italiaanse sonnet? Verwys na beide die vorm EN inhoud in jou antwoord. (2)

9.2 Watter woorde in die eerste strofe dui aan dat die spreker nog steeds eerder verkies om op papier te skryf as op die rekenaar? Haal aan. (1)

9.3 Die woorde 'gedot &amp; gekom' (reël 7) is voorbeelde van neologismes (nuutskeppings). Verduidelik kortliks waar hierdie woorde vandaan kom. (1)

9.4 Waarna, dink jy, verwys die woorde 'besoekers van buite' (reël 8)? (1)

9.5 Die spreker sukkel om daaraan gewoond te raak om met die rekenaar te werk. Kyk nou weer na die woord 'langsamerhand' (reël 9). Verduidelik waarom dié woord so gepas is binne hierdie konteks. (2)

9.6 Die klimaks van hierdie gedig is duidelik in die laaste twee versreëls. Verduidelik, in jou eie woorde, wat hierdie twee laaste reëls beteken in terme van die spreker se verhouding met die rekenaar. (2)

<b>10 punte</b>
-----------------

**OF**

**VRAAG 10****Rekenskap – Prevot van der Merwe**

Jaareinde eksamens op kampus jakarandatyd	1
Geleidelik, nou, sal die koshuiskamers leegbloei toue trollies stasie toe – skuifel stil studente bestek neem van gedane dose boeke en sake	5
Kennis opgedoen	10
Asook Aids in die meeste gevalle wat kort na krisimis gaandeweg sy pond vleis sou wou eis	15

[Uit: *Nuwe verset*, 2000]**Woordverklarings:**

<b>Rekenskap</b>	–	verantwoording
<b>bestek neem</b>	–	om presies te bereken hoeveel materiaal nodig gaan wees vir bouwerk (bestek <i>opmaak</i> = korrekte werkwoord)
<b>gaandeweg</b>	–	soos die tyd aanbeweeg

- 10.1 Watter woord in strofe 2 wys dat die studente nie almal gelyk vertrek nie? (1)
- 10.2 Studente is gewoonlik vrolik en sorgvry, maar aan die einde van die jaar 'skuifel' hulle 'stil' (reëls 6 en 7). Hoe verduidelik jy dit? Motiveer jou antwoord met verwysing na die eerste strofe. (2)
- 10.3 Sommige studente doen nie net boekekenis op nie, maar ook die virus wat lei na Aids (= Vigs; reëls 9 – 11). Wat, dink jy, bereik die digter deur 'Asook Aids' aan die begin van 'n nuwe strofe te plaas? (2)
- 10.4 In die laaste strofe word Aids uitgebeeld as iemand wat 'sy pond vleis ... eis' (d.w.s. 'n gulsige/ gierige persoon).
- 10.4.1 Wat word dié tipe beeldspraak genoem? (1)
- 10.4.2 Waarom pas die uitdrukking *sy pond vleis eis* baie goed binne die **letterlike** konteks van Aids? (1)
- 10.4.3 Watter enkele woord in die tweede strofe sluit ook aan by hierdie gevreesde virus en siekte? (1)
- 10.5 Verduidelik die skreiende ironie in die woord 'krisimis' (reël 14) binne die konteks van die laaste strofe van die gedig. (2)

<b>10 punte</b>
-----------------

**Totaal vir Afdeling B: 30 punte****Totaal: 100 punte**